



Geregistreeerde  
finansiële  
diensverskaffer

FDR LISENSIE NO  
FSB LICENCE NR 11048

MY MAKELAARS  
MY BROKERS

1996/020487/23

Die  klop van jou geldsake  
The beat of your finance

Uitgawe 1 2019

**B**este kliënte,

So saam met die bedroewige ekonomie van 2018, het My Makelaars ook 'n bietjie teëspoed beleef.

Annatjie du Plessis het skedelbreuk opgedoen, Jacques van der Westhuizen se Pa is oorlede, so ook Jacques Olivier se Ma en Karin O'Neill se dogtertjie het haar sleutelbeen gebreek toe 'n kas op haar geval het.

Ons is egter vol hoop en opgewonde oor 2019.

Nie net is daar in die eerste kwartaal aanduidings van geringe herstel in die opkomende markte nie, maar My Makelaars het ook nuwe kantore gekry en sal ons,

ons dan, te Hertzogstraat 44, Schoemansville, Hartbeespoort gedurende April 2019, daar vestig.

Neem asseblief ook kennis dat ons, ons Posbus adres (Posbus 630, Hartbeespoort) gekanselleer het, aangesien straataflewering nou gedoen word.


Ons ander kontakbesonderhede bly onveranderd.

Ons dank u vir u ondersteuning, geduld en begrip die afgelope jaar en sien daarna uit om aan u diens te lewer, uit ons nuwe kantore.

Ek heg twee artikels hierby aan, met erkenning aan die skrywers, wat ek dink u sal insiggewend vind.

Groete tot volgende keer.

**Dolf du Plessis**



**Dolf du Plessis**

**082 925 0333**

**dolf@mybrokers.co.za**

LEDE

HR du Plessis BA IQA; AM E Kern BA HOD; L du Plessis BA; JI Olivier; AS du Plessis; A de Ronde

*Ons spesialiseer in:*

- Testamente en boedelbeplanning
- Aftredbeplanning (aftreeannuïteite en pensioenfondse)
- Na-aftrede beplanning (lyfrente en lewende-annuïteite)
- Beleggingbeplanning
- Langtermyn versekeringsdekking (lewendekking, ongeskiktheidsdekking, traumadekking)
- Inkomstebeskerming
- Mediese fondse

## Six (financial) lessons I wish I could have taught my younger self.

NIC ANDREW - EXECUTIVE HEAD OF NEDGROUP INVESTMENTS

**O**ur eldest daughter is off to boarding school and amongst all the excitement, is the realisation that I might be the one who struggles the most with separation anxiety.

Suddenly, I find myself counting the days, wondering frantically if I have given enough fatherly advice and I feel the need to share my worldly wisdom at every opportunity.

The topics range from making the most of opportunities and pursuing your passions, through to the dangers of teenage boys and alcohol. Most of my “advice” is humoured with a shake of the head and raised eyebrow.

If there is one thing my years in this industry have taught me, it’s that one of the most important lessons I can share is how to act responsibly and confidently with respect to money.

Whilst a few are not completely relevant now, here are some of the practical investing insights that I have shared with my daughter as she heads off into young adulthood. Hopefully, she can benefit from what age, experience and making some mistakes has taught me.

### 1. Have a plan.

It is very unlikely you will achieve a goal if you are not clear on what it is. Write it down, be specific, be visual (so you can feel what success will be like) and include timelines.

It is worth explicitly acknowledging in writing that it will not be a smooth ride and that you intend to stick it out through the inevitable ups and downs. Being able to refer to this plan when times are tough is a powerful tool as

it will help you remain committed and ultimately achieve your goal.

### 2. Spend less than you earn and invest regularly.

This is an extremely powerful habit to establish as early in life as possible. A critical aspect to being financially successful is overcoming the desire for immediate gratification such as the latest mobile phone, meal at a trendy restaurant or overseas holiday.

Try to keep a monthly budget, but the most practical way is to pay yourself first via a monthly debit order invested into a unit trust. Tick the box on the application form that automatically increases the debit order by at least inflation each year, as it is always easier to commit your future self.

Then, whenever you receive a windfall (such as a bonus), allocate a portion to spoil yourself and a portion to your long-term investments.

### 3. Pay down your debt.

This is almost certainly your best risk-adjusted after tax return, especially in the case of expensive debt (credit cards, personal loans etc.) which should ideally be avoided. If you learn one thing in your math classes, learn the powerful magic of compounding and how important it is to have time on your side. Just as compounding works in your favour when investing, so it destroys and traps on the down-side.

You have time on your side so use it to your advantage. Don’t procrastinate. Start investing early.



Invest in your future, visit our website:  
[www.mybrokers.co.za](http://www.mybrokers.co.za)

Find us on Facebook: [www.facebook.com/mymakelaars](http://www.facebook.com/mymakelaars)

#### 4. Make as much of your money work for you as possible.

Take advantage of all the tax breaks (let the government help you save) and be very aware of costs. These include tax-free savings, using the annual interest and CGT allowances and considering whether retirement annuities, pension fund allocations and endowments are appropriate. Make a conscious effort to stay informed of all the costs you are paying, what the alternatives are and make sure that you are receiving good value.

#### 5. Invest in growth assets and diversity.

Make sure you invest sufficiently in growth assets (equities) and diversify appropriately across stocks, asset classes, countries and managers. As a young adult, your biggest risk is not volatility or losing money in the short-term, but that inflation erodes your earning power. As you will be constantly adding to your investments, think of any downward movement as a great opportunity to buy good companies on sale.

#### 6. If it seems too good to be true, it normally is.

You will come across lots of wonderful get-rich-quick schemes where your friends have made fortunes in no time, such as crypto-currencies in 2017.

These are incredibly appealing - but almost always disastrous. It takes time and patience to generate wealth. Be patient, be sensible and think for yourself.



As I come to grips with a slightly less chaotic household, I hope that by starting the conversation early with my daughter, these concepts will be deeply ingrained by the time she starts earning.

I hope too that some of these insights have practical value for you or your children.

## Moontlike risiko's en opbrangste in 2019


Uittreksel uit 'n artikel geskryf deur Rocco Carr, Besigheids Ontwikkelings Bestuurder. Sanlam Glacier.

Niemand sal graag 2018 wil herhaal nie want markte het, ten spyte van goeie veragtinge, letterlik kapitaal vernietig oor die laaste jaar. Na die vorige drie jaar van swak opbrengste, is beleggers nou senuweeagtig en bekommerd oor die toekoms.

### So, wat kan ons verwag van 2019 en daarna?

Die beleggingsuitkomst gedurende 2019 sal hoofsaaklik bepaal word deur 'n paar belangrike politiese en ekonomiese besluite of uitkomst. Hierdie uitkomst kan dit 'n baie goeie jaar maak met twee-syfer opbrengste of nog 'n jaar van geen opbrengs.

Waardasies aan die begin van 2019 wys dat





die winskopies gestrooi is oor die mark en sou alles positief verloop, kan kliënte werklike goeie opbrengste behaal, veral in ontwikkelende markte. Vir bestaande beleggers wat nie ongemaklik is nie, sal ek dus aanraai om in die mark te bly. Inteendeel, baie fondsbestuurders het reeds hulle aandeleblootstelling verhoog deur tydens die swak periode (in die mark) in te koop.

Die uitkomstegaan egter hoofsaaklik afhang van die volgende:

### 1. Handelsoorlog tussen VSA en China:

Indien hulle 'n oplossing tot die kwessie kan vind, teen die einde van die drie maande wapenstilstand, sal markte baie positief op die nuus reageer en veral opkomende markte sal voordeel trek. Indien hulle nie 'n oplossing kan vind nie, sal ons waarskynlik meer wisselvalligheid ervaar met die aankondiging. Verwagtinge is dus vir een of ander ooreenkoms, maar President Trump bly onvoorspelbaar.

### 2. Brexit.

Tensy hulle 'n vinnige ooreenkoms kan bereik, gaan die uitkomstegaan waarskynlik 'n harde Brexit of 'n nuwe referendum wees. 'n Harde Brexit sonder die nodige ooreenkoms sal feitlik onmiddellik 'n resessie in Brittanje veroorsaak met 'n oorspoel na die res van Europa. Enige onderhandelde uitkomstegaan sal meer positief wees, maar op die oomblik weet niemand hoe dit sal ontwikkel nie.

### 3. Rentekoerse in die VSA:

Dit lyk asof daar 'n verlansaming in die VSA ekonomie is wat waarskynlik die styging in rentekoerse sal vertraag. Indien dit gebeur kan die positiewe bul-siklus in die VSA verleng word. 'n Resessie in die VSA sal markte egter laat terug trek en weens hulle grootte sal dit wêreldmarkte impakteer. Die vertroue in die FED om die proses te bestuur is egter groot en dit lyk of Powell die regte besluite neem om die goeie nuus so lank moontlik te laat aanhou.

### 4. Chinese groeikoerse:

Die Chinese regering het maatreëls ingestel in 'n poging om lewe aan hulle ekonomie te gee. Indien dit suksesvol is sal dit baie positief wees vir opkomende markte, insluitende Suid-Afrika. Indien dit nie werk nie, sal die resultaat 'n stadige jaar op die beurs wees.

### 5. Plaaslike verkiesing.

Die plaaslike verkiesing gaan weer wisselvalligheid veroorsaak, maar tensy iets dramaties gebeur sal die langtermyn impak op die plaaslike mark weglaatbaar klein wees. Ons gaan waarskynlik steeds in lyn met ander opkomende markte presteer. Die ANC gaan

waarskynlik gemaklik wen wat vir President Ramaphosa die nodige mandaat gaan gee om vir nog vier jaar te regeer.

Ek dink nie die plaaslike verkiesing gaan 'n ernstige bedreiging wees vir ons mark nie. Eskom en SBO's hou egter 'n groot risiko in vir SA se kredietgradering. Verder word 'n redelike stabiele en sinvolle begroting verwag.

### So hoe benader ons beleggings in 2019?

**1. Indien jy wisselvalligheid en die moontlike negatiewe uitkomstegaan van bogenoemde risiko's kan hanteer en 'n herhalende- of langtermynbelegging het, is belegging volgens risikooptyt steeds 'n opsie.** Indien die positiewe uitkomstegaan gebeur, kan ons 'n skerp herstel sien in veral die tweede helfte van die jaar.

Indien die resessie in die VSA 24 maande later plaasvind, mag van die groei weer teruggegee word en mag daar vir 'n paar maande steeds stremmings in die mark wees. Beleggers moet dus deeglik bewus wees van die moontlike risiko's indien hulle hierdie opsie verkies.

**2. Indien meer stabiele opbrengste verlang word** en die negatiewe opsies nie aanvaarbaar is nie, mag dit dalk sivol wees om risiko te verminder. Indien markte wel herstel moet die kliënt verstaan dat hy of sy dan nie in die groei sal kan deelneem nie. Sulke beleggers moet hulle voorberei vir ongeveer drie jaar van middelmatige enkel-syfer opbrengste, maar teen heelwat meer sekerheid en minder wisselvalligheid.

Inkomstefondse en multi-bestuurde lae aandelefondse (stable funds) kan hier 'n groot rol speel, maar dit mag belastingimplikasies vir sommige beleggers inhou. Hierdie beleggers kan oorweeg om hulle aandeleblootstelling te halveer. Ek sou verkies om nie ten volle uit die mark te beweeg nie, want die waardasies is positief genoeg vir 'n mate van risiko.

Ten slotte, die moontlike kans vir sterk groei is baie goed, maar ek wonder (vir senuweeagtige kliënte) of die moontlike groei in markte die risiko, wat deur die vyf gebeure hierbo genoem, regverdig. Dalk moet sulke kliënte met minder groei en minder wisselvalligheid tevrede wees met meer stabiele groei.

Ek kan nie enige van die uitkomstegaan voorspel nie en kan daarom nie duideliker antwoorde verskaf nie, maar as beleggers bewus is van die beleggingsomgewing, kan hulle meer ingeligte besluite neem.